

Bobaas-firma beplan Atlantis-skeepswerf

DIE Wes-Kaapse premier, mnr. Ebrahim Rasool, is in sy noppies met Suid-Afrika se top-internasionale bootbouer, Robertson & Caine, se planne om plaaslik uit te brei.

Die maatskappy het in 2006 bykans 100 luukse katamarans vervaardig en gaan vandeemaand ook nog die nuwe Powercat – die Leopard 47PC – byvoeg.

Robertson & Caine het onlangs besluit om 'n nuwe skeepswerf in Atlantis by Kaapstad te bou, mits die regering grond vir dié uitbreiding beskikbaar stel.

Die skeepswerf van 200 000 m² gaan werk vir 700 vaardige werkers in die provinsie skep en volgens Rasool het dit daartoe gelei dat sy kantoor ontwikkelinge in dié bedryf fyn gaan dophou.

“Die Wes-Kaap het 'n lang geskiedenis van bootbouvaardighede en ons prys Robertson & Caine vir die besluit om plaaslik uit te brei,” het Rasool gesê.

Die maatskappy se direkteur, mnr. Ellian Perch, het Rasool se ondersteuning verwelkom en gesê dit is net nog 'n teken dat die regte be-

sluit geneem is om in Suid-Afrika uit te brei.

“In 'n stadium het ons daaraan gedink om ons bedrywighede na Ierland te verskuif waar ons met ope arms ontvang is, maar in der waarheid was ons nog altyd op soek na 'n geleentheid om plaaslik uit te brei omdat ons geglo het dit is finansiële uiters sinvol,” sê Perch in 'n verklaring wat namens die maatskappy uitgereik is.

Hy glo met die nuwe skeepswerf in Atlantis sal die maatskappy 'n groot bydrae tot die ekonomie in die Wes-Kaap kan lewer.

Die besluit om plaaslik uit te brei is verder versterk deur die ondersteuning van die bootontwerper Gino Morelli wat hom in Januarie by die maatskappy gaan aansluit.

Morelli het die jag ontwerp wat in 1987 die America's Cup vir die VSA gewen het.

“Wat my die meeste beïndruk het, is die hoë vlak van vaardige werkers in die Kaap,” het Morelli gesê.

Volgens Perch hang die projek af van die verkryging van regerings-toestemming om in Atlantis te bou.